ISEBE LEMFUNDO LEMPUMA KOLONI
EASTERN CAPE EDUCATION DEPARTMENT
OOS-KAAP ONDERWYSDEPARTEMENT

IIMVIWO ZEBANGA LOKUGQIBELA
NATIONAL SENIOR CERTIFICATE EXAMINATION
NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN

NOVEMBER 2008

AFRIKAANS HUISTAAL – TWEEDE VRAESTEL

IXESHA: 2½ iiyure **TIME: 2½ hours** **TYD: 2½ uur**
AMANQAKU: 80 **MARKS: 80** **PUNTE: 80**

Skryf op die buiteblad van jou antwoordeboek, teenoor die woord "Vak" -
AFRIKAANS HUISTAAL – TWEEDE VRAESTEL

Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye.

VOORSKRIFTE

1. Al DRIE afdelings is VERPLIGTEND – jy moet dus ’n vraag oor elke voorgeskrewe werk beantwoord.

2. Beantwoord VYF vrae wat soos volg gekies moet word:

   AFDELING A: POËSIE

   VRAAG 1 (Verpligtend)
   EN TWEE van VRAE 2, 3, 4 en 5

   AFDELING B: ROMAN

   EEN van VRAAG 6 of 7

   AFDELING C: DRAMA

   EEN van VRAAG 8 of 9

3. Uit Afdeling B en C moet ’n kontekstuele tipe en opsteltipe beantwoord word.
   As jy dus uit Afdeling B Vraag 6 beantwoord, moet jy in Afdeling C Vraag 8 beantwoord en as jy in Afdeling B Vraag 7 beantwoord, moet jy Vraag 9 in Afdeling C beantwoord.

4. Begin elke vraag se antwoord op ’n nuwe bladsy.

5. Skryf elke keer die nommer van die vraag volgens die nommeringstelsel in hierdie vraestel.

6. Laat ’n reël tussen onderafdelings oop.

7. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A

POËSIE

VRAAG 1 (Verpligtend)

Ongesiene gedig

Klag van Braam oor ’n wintertoon – T.T. Cloete

Die seisoene tas my oorweldigend aan
in nietighede. Ek sit hier met ’n glansende rooi vel
waaronder die wintertoonpyn rooi swel
tuis, en ek wou so graag sirkus toe gaan.

Ek sit maar tuis
sit ek ek sit ure aaneen en lees
vanweë die tot niks anders in staat wees
en bly verdomp teen my sin by die huis.

Dat die biologie van my liggaam
so met die seisoene saamhang dat die groot tyd moet vang
aan ’n toontjie Here hoor die
geklaag van u kneg Braam.

Uit: *Angelliera*

1.1 Watter rymsoort kom in hierdie gedig voor? (1)

1.2 Waarom dink jy word die woorde ek sit herhaal? (1)

1.3 Noem die ander twee tegnieke waarvan die digter in reël 6 gebruik maak om die sit van die spreker te beklemtoon. (2)

1.4 Wie is hier aan die woord? (1)

1.5 Wanneer word hierdie persoon so gepynig? (1)

1.6 Skryf versreël 8 oor en verander dit sodat ’n gelukkige atmosfeer heers. (1)

1.7 Die spreker laat die situasie baie erger klink as wat dit is. Van watter stylfiguur maak hy regdeur die gedig gebruik? (1)

1.8 Haal ’n woord aan wat jou antwoord by VRAAG 1.7 ondersteun. (1)

1.9 Wat bedoel die digter in versreël 9? (1)

[10]

Beantwoord enige TWEE van die volgende VIER vrae:

VRAAG 2

Sy naam was Sasha – Olga Kirsch

Sy naam was Sasha. Ek het hom weer onthou
vanmiddag toe ek strandgoed huis toe bring
van die see, en op die stoep gehurk 'n kring
waterglad klippe om 'n plantpot skaar.
Sasha … Hy was glo offisier in die tsaar
se leermag. Daarvoor het hulle hom vyf jaar
in die tronk gestop. Tanya, sy Joodse vrou,
'n dokter, het hul ook 'n jaar gehou
in die gevangeskap (dit was 'n fout
het hul haar later meegedeel).
Reeds oud
kom hulle hier. Sy hart was nie meer sterk
maar hy het aldag in die tuin gewerk,
die aarde glad en kluitloos gestreel,
paadjies gemaak en onder om die steel
van elke struik, 'n kring wit klippies – werk
van 'n gevangene
Later moes hy maar lê.
Ons het kom kuier, daar is min gesê,
ons praat nie Russies nie. Maar hy't my naam
- *roeskoja imja* – saggies met 'n skaam
glimlag mymerend herhaal.
Hy het gesterf
en is begrawe in die wye erf
van die Russiese Kerk in Jaffa – eiendom
van die U.S.S.R. in die Heilige Land –
waar Tanya steeds op sy gedenkdag kom.
Wat sy verhaal beteken, weet ek nie
maar wou sy naam 'n oomblik in ons tyd
'n waansin en wraak ontruk aan die vergetelheid.

Uit: *Negentien gedigte*

2.1 Wat het die spreker aan Sasha herinner? (1)

2.2 Watter woord in strofe een sê dat sy vantevore ook aan hom gedink het? (1)

2.3 Sasha was 5 jaar in die tronk onder haglike omstandighede.
Beantwoord die volgende vrae:

2.3.1 Wat is merkwaardig van Sasha ná hierdie 5 jaar? (1)

2.3.2 Haal twee woorde aan wat jou antwoord by VRAAG 2.3.1 staaf. (1)

2.3.3 Watter Suid-Afrikaanse ikoon het byna 'n soortgelyke ondervinding as Sasha gehad en is ook net so merkwaardig? (1)

2.4 Pas die woord/omskrywing in KOLOM B by die woord in KOLOM A.
Skryf slegs die vraagnommer en daarnaas die korrekte letter, byvoorbeeld 2.4.4 G.

KOLOM A	KOLOM B
2.4.1 Milieu in gedig	A Dra by tot die idee van gevangenisskap
2.4.2 Ellips	B Probeer onthou wie Sasha is
2.4.3 Hakies	C Israel
	D Parentetiese Sinsnede
	E Dui op haar herinneringe aan Sasha
	F Rusland.

(3)

2.5 Waarom wil die skrywer Sasha se verhaal vertel? (2)

[10]

VRAAG 3

Lees beide onderstaande uittreksels uit 'n Paternoster vir SA en gebed van 'n groen perske.

'n Paternoster vir Suid-Afrika **Lina Spies**	**gebed van 'n groen perske** **Annesu de Vos**
29 "Aan u behoort die land en die son en die skape van sy weiding 32 Gee aan ons liefdevolle hande, Heer, en sny U self versigtig aan die belem= merende kleed 34 dat daar nie onnodige bloed verspil nie 35 en deel U self die lootjies uit" Uit: *Digby vergenoeg*	9 "bewaar my dan teen die hael teen die steek 12 van die son – 13 maar bowenal bewaar die droom 16 o Heer : my moederboom wat vrugte foutloos fabriseer" Uit: *Gebed van 'n groenperske en ander gedigte*

Beide hierdie gedigte rig 'n versoek/bede. Bestudeer die onderstaande vrae vanuit hierdie oogpunt.

3.1 Haal 'n woord/frase uit elke gedig aan om te bewys dat ons hier met tradisionele gebede te doen het. Dui aan uit watter gedig jou aanhaling kom. (2)

3.2 Wat word in die onderskeie gebede spesifiek gevra? (4)

3.3 Watter ooreenkoms is daar tussen liefdevolle hande (reël 32) en my moederboom (reël 17)? (1)

3.4 Waarvan is die belemmerende kleed (reël 33) simbolies? (1)

3.5 Wat impliseer die woorde "onnodige" (reël 34) en "fabriseer" (reël 18)? (2)

[10]

VRAAG 4

Hieronder volg 'n paar grepies uit gedigte. Lees dit deur en beantwoord die vrae wat daarop volg:

A.

Draaisae gil en in my ore
klink die geklets van beitels,
die geneul van swart motore.
Uit: *Ballade van die Grysland* – D.J. Opperman

B.

Mikrofone, mense, pensklaviere, plakkate
in die groot tent op die kaal perseel
waar Ackermans gesloop is:
Jesus Saves.
Uit: *Opwekkingsdiens* – I.L. de Villiers

C.

'n kind hoes seer; 'n lam huil stomgemaak. ek skraap
moed bymekaar: ek was hier en hier het ek geslaap.
Uit: *besoekersboek* – Fanie Olivier

4.1 **Ballade van die Grysland**

4.1.1 Haal TWEE woorde aan uit die eerste strofe wat vir ons daarop dui dat die karakter ongelukkig in sy werksplek was. (1)

4.1.2 Van watter verstegniese middel maak die spreker gebruik om hierdie ongelukkigheid/irritasie te beklemtoon? (1)

4.1.3 Benoem die oorheersende beeldspraak in die strofe. (1)

4.2 **Opwekkingsdiens**

4.2.1 Waarop dui die allitererende klanke en meervoudsvorm in die eerste versreël? (1)

4.2.2 Wat is die implikasie dat die diens juis op 'n perseel gehou word waar Ackermans was? (1)

4.2.3 Stem jy met hierdie siening (VRAAG 4.2.2) saam? Motiveer. (1)

4.3 **Besoekersboek**

4.3.1 Watter ooreenkoms is daar tussen die kind en die lam? (1)

4.3.2 Waarop dui die “lam” wat “stomgemaak” is? (2)

4.3.3 Wat is die funksie van die dubbelpunt in hierdie gedeelte? (1)

[10]

VRAAG 5

Wespark – **Elizabeth Eybers**

Geagte leser, dié geleentheid
bied hom slegs een keer in ’n leeftyd:
geen waglys en geen woningnood
al is die aanvraag nog so groot.

U van en volle doopnaam pryk
op die versierde gewel – kyk,
met spreuk en kompliment kompleet:
die hele wêreld moet dit weet.

Hier is geen stoomfluit en geen haas;
onder die koelteboom lê klaas
soos waffer skofbaas uitgestrek,
kan selfs die afslaer asem skep.

In hierdie buurt is elke vrou
tevrede, elke man getrou,
het elke kind sy eie sandhoop,
vergeet die huwelikspaar van huurkoop.

Die staatsman liasseer sy sorge,
die bleek hervormer se verborge
wrok teen die mensdom is geberg,
die dweepsieke word ongeërg.

Die vrou aan wie die jare knaag
het haar weerkaatsing weggevaag,
die skaars ontloke skoonheid het
betyds ontglip uit tyd se net.

Die koopman, sat van raap en skraap,
kan salig elke dag verslaap,
die skraal student hoef nou nie meer
sy jongste proef te formuleer.

As kliere opdroog, weefsel rek,
die kroonslagare noustrop trek,
kan u gerus oorweging skenk
aan hierdie goedbedoelde wenk.

Die eensames voel nooit alleen
in die wit broederskap van been,
hier kan die digter sonder skroom
hom blywend toespin in sy droom.

Geen jaarlikse belastingheffing
op hierdie langtermynbelegging:
geagte leser, dié geleentheid
bied hom slegs een keer in ’n leeftyd.

Uit: *Die helder halfjaar*

Die ooreenkoms tussen “lewe” in Wespark en die alledaagse lewe in ’n voorstedelike woonbuurt word op humoristiese en satiriese wyse uitgebeeld.

Bespreek hierdie stelling in ongeveer 250 – 300 woorde met bewyse uit die gedig. **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

ROMAN: (KRINGE IN Ń BOS – DALENE MATTHEE)

Beantwoord EEN vraag uit hierdie afdeling. ONTHOU, as jy die opsteltipe vraag hier kies, moet jy die kontekstuele vraag in AFDELING C kies en beantwoord.

VRAAG 6

Saul se soeke na Oupoot is in werklikheid ŉ soeke na homself. In die proses groei Saul innerlik tot ŉ selftevrede mens wat weet waar hy hoort.

Bespreek hierdie stelling in ongeveer 400 – 450 woorde deur te verwys na:

- Waarom hy die bloubokkie se kop oopgekap het en waarom hy nie net blindelings geglo het nie.
- Wat hy met sy eerste dorpsbesoek gesien en besef het.
- Saul as delwer.
- Saul in Swellendam. **[25]**

VRAAG 7

Bestudeer die onderstaande uittreksels en beantwoord dan die vrae wat daarop volg:

7.1

Hy het geweet dat die sandloper teen hom omgekeer was? Hy het geweet dat hy uitgesit was om skuld te betaal wat nie syne was nie? Oupoot sou nooit ŉ enkele nag sy alleenheid gelos het om saam met ŉ trop te loop kwaad doen nie. Nooit.
Oupoot moes die blaam dra omdat hy in die omgewing gesien is.

7.1.1 Watter skuld moes Oupoot betaal? (1)

7.1.2 Uit hierdie aanhaling kom ons duidelike ooreenkomste tussen Saul en Oupoot agter. Toon twee ooreenkomstes. (2)

7.2

Suid van hom roep bosloerie in die ruigtes en die versoeking is groot om hom soos kindertyd nader te koggel … ŉ Oomblik speel daar selfs ŉ glimlag om sy mond voordat ŉ hardheid weer in sy oë kom lê.

7.2.1 Wie het Saul sy kennis van die Bos gegee? (1)

7.2.2 Watter rol het sy ma in sy opvoeding gespeel? (2)

7.2.3 Gee twee redes waarom daar ŉ hardheid in Saul se oë is. (2)

7.3

Wie is God? Waar? Hóé? Hy weet nie. Hy weet net iets waak in hierdie bos. 'n Mens kan dit aanvoel. As jy met jou kop daarna gryp, is dit weg; loop suutjies en dis weer daar. Wat? As die goud in die pan lê, is iets van die iets ook daarin. Dis edel. Rein. Sy onvermoë om 'n wegsteekplek vir die goud te kry, het hom laat dink aan die storietjie waarmee Kate een Sondag by die skuur aangekom het.

7.3.1 Hoe ervaar Saul vir God in Meulbos tydens sy gouddelwery? (1)

7.3.2 Waarom dink jy het hy God juis só beleef? (2)

7.3.3 Bring die tema van die boek in verband met die paradysopdrag aan Adam en Eva. (2)

7.3.4 Kate het Saul se werkery by haar pa aanvanklik ook aan 'n storie gekoppel. Watter storie was dit en watter karakter het Saul gespeel? (2)

7.3.5 Kate het met baie stories by die skuur opgedaag. Een van hierdie stories het Saul se lewenspad radikaal verander. Watter storie was dit? (1)

7.3.6 Hoe dink jy sou Saul se lewe gelyk het as hy nie na die storie geluister het nie? (2)

7.4

"Toe jy nog houtkneg vir my pa was, was jy immers vlees en bloed, Saul Barnard, nie 'n koue, ongenaakbare wraaksugtige nie! Toe jy net begeer het om drie pond te spaar sodat jy met 'n skip kon wegkom, was jy nog mens!" Hy moes keer dat sy oë nie verraai dat haar woorde getref het nie. "Laat dit dan vir jou 'n troos wees," sê hy vinnig, "dat ek uiteindelik op pad is na daardie skip."
"Net jou mond praat, Saul," sê sy sag.

7.4.1 Waarvan beskuldig Kate Saul hier? (2)

7.4.2 Waarom is dit ironies dat Kate Saul beskuldig van wraaksug? (2)

7.4.3 Wat was die laaste beweegrede vir Saul om op hierdie skip te klim? (1)

7.4.4 Verduidelik Kate se laaste woorde. (2)

[25]

TOTAAL AFDELING B: 25

AFDELING C

DRAMA

(Periandros van Korinthe – D.J. Opperman)

VRAAG 8

Bestudeer die onderstaande uittreksels en beantwoord dan die vrae wat daarop volg:

8.1

1067	**Altyd was jou vader vir my 'n ware vrind,**
	maar ek word werklik al hoe banger vir sy bewind,
	sy besetenheid dat alles moet gesuiwer word:
1070	**in plaas van ledigheid, die invoer van sport -**
	dit kan nog gaan, maar nou my eintlike besware:
	die Bakchiadai word afgesens soos koringare,
	'n groep matrose wat belus was om te roof,
	wou hy toe sommer vir 'n grappie laat onthoof,
1075	**en nou word skielik met 'n fees van Hera**
	uitgevaar teen pronkjuwele en mooi klere,
	maar die hoogtepunt is hierdie vrouens op die skip,
	Nee! Korinthe word vir my benoud en burgerlik.
	Ek moet maar in die vryer lande weer gaan reis.

8.1.1 Wie is die spreker in die aangehaalde gedeelte? (1)

8.1.2 Watter ooreenkoms is daar tussen dié spreker en Periandros? (1)

8.1.3 Wie was die Bakchiadai? (1)

8.1.4 Hoe voel Periandros teenoor die Bakchiadai? (2)

8.1.5 Hoekom koester hy juis hierdie gevoelens teenoor die Bakchiadai? (2)

8.1.6 Wie het Periandros die idee gegee om die Bakchiadai te vermoor? (1)

8.1.7 Op watter wyse het dié persoon die idee aan Periandros oorgedra? (2)

8.1.8 Periandros en Lukophroon verskil ten opsigte van die optrede teen die Bakchiadai. Wat is Lukophroon se siening? (2)

8.2

305	**ARIOON**	**Terwyl ek heuning in die water en wyn inroer,**
		wil ek die hoop uitspreek dat die aanwesiges vervoer
		verby hul skroom vanaand hulle heeltemal sal los
		in die gesels en nuttiging van al die wyn en kos.
	ANACHARSIS	**Ja, die hoogste vreugde van die aarde word gewek**
310		**deur die drie-eenheid: eet, drink en die gesprek -**
		deur koue slaaie, bees en vark gekerf in skywe,
		deur droë wyne, woord en weerwoord, bitter kaas,
		olywe.
	GANGULOON	**Nee, wrintig nie!**
	ANACHARSIS	**Eet en drink en die gesprek verander**
		al die selfsug, en jy deel die beste van jouself met
		ander.
315	**GANGULOON**	**Goed en wel, solank as die aanwesiges gedurig voel**
		die kos en prikkelende wyn is middel en nie doel.

8.2.1 Waarvoor is die digters en denkers volgens Arioon bymekaar? Gee dit in jou eie woorde. (2)

8.2.2 Wie verskil van hom? (1)

8.2.3 Pas die onderskeie persone (KOLOM B) by die uitsprake (KOLOM A) wat tydens die drinkgelag gemaak is. 'n Persoon se naam kan meer as een keer gebruik word.

KOLOM A		KOLOM B
Hoe wen 'n heerser die guns en agting van die volk?		
(i)	Wil die heerser die aansien van die mens behou dan moet hy niemand in die omgang ooit vertrou.	A Melissa
(ii)	As 'n koning of 'n heerser die agting van die mens begeer, moet hy bedank, sorg dat 'n vrye volk homself regeer.	B Arioon
(iii)	'n Heerser moet die mens der mense wees, sê die orakel, of anders in sy staat almal groter as hyself uitskakel.	C Anacharsis
Wat is 'n staat se ondergang?		D Sappho
(iv)	Ek sou sê die toestand van die huis en huisgesin is in alle eeue 'n staat se einde of begin.	E Ganguloon
(v)	Goedkoop arbeid en te veel knegte, en nie almal in die staat besit gelyke regte nie.	F Periandros

(5)

8.3

1218	**KUUPSELOS**	**Nee, Vader sal my klap.**
	PERIANDROS	**Man, praat**
1220	**KUUPSELOS**	**Hy het oor kwartels …**
	PERIANDROS	**Ja, ja! Maar het hy oor my, oor jou moeder iets gesê?**
	KUUPSELOS	**Moeder was mooi en Vader sterk … Is dit wat u wil hê?**
	Leier binne, gee Periandros kweperlat.	
	PERIANDROS	**(aan leier) Kom weer, ek het miskien 'n dringende bevel.**
	Leier af.	
		Kyk, het hy julle oor die dood van moeder iets vertel?
1225	**KUUPSELOS**	**Nee, niks nie, niks nie!**
	PERIANDROS	**Sien jy hierdie kweperlat?**
		Hoor hoe fluit hy, roep hy na bloedhale oor 'n blad.
		Maar ek gaan hom nie gebruik nie … kyk …
	Hy gooi die lat eenkant toe.	
		Jy is al groot.
		Wat was oupa se woorde oor moeder en haar dood?
	KUUPSELOS	**Niks nie.**
	PERIANDROS	**Jy weet hoedat die boere olywe uit die bome loes?**
1230		**Moet ek op die manier die waarheid uit jou oes?**

8.3.1 Noem nog TWEE ander gesinslede wat deur Periandros aangerand is. (2)

8.3.2 Wat was die gevolg van hierdie aanranding? (2)

8.3.3 Waarom wil Periandros so dringend weet of Prokles iets gesê het? (1)

[25]

VRAAG 9

Periandros se oormoed (te groot selfvertroue)/hubris en sy menslike swakhede lei tot oordeelsfoute wat aanleiding gee tot sy onafwendbare val.

Bespreek hierdie stelling in ongeveer 400 – 450 woorde deur te verwys na:

- wat hierdie oormoed was
- wat sy menslike swakhede was
- watter oordeelsfoute hy gemaak het a.g.v. oormoed en hierdie swakhede
- watter gevolge hierdie oordeelsfoute gehad het. **[25]**

TOTAAL AFDELING C: 25

GROOTTOTAAL: 80